DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**DIE GEREFORMEERDE KERK**
**PIETERSBURG**

# Die Basuin



**Predikant: Ds. S.P. Venter**
**Pastorie: 015 296 1840**
**Sel: 082 809 0222**
**Epos: sarel.pventer@gmail.com**

**20 JANUARIE 2019**

***Tema 2019 - VOLUIT VIR GOD***

**EREDIENSTE VANDAG:**
Oggend: 09H00
Aand : 18H00

| | |
|---|---|
| **OGGENDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Hand. 6: 5; 6: 8 - 15; 7: 54 - 60 |
| **Tema** | Voluit na God in die troonsaal |

Psalm 1: 1, 4
Psalm 33: 1, 5
Skrifberyming 4-8: 1, 2
Psalm 32: 5
Skrifberyming 5-3: 4, 5
Skrifberyming 5-4: 5, 6

Die eerste martelaar lewe voluit vir God en sterf met 'n gebed op sy lippe. Hy het iets gehad wat die moeite werd was om voor te leef en te sterf. Hy sien Jesus Christus in die troonsaal staan. Vervul met die Heilige Gees was hy 'n kragtige prediker wat Christus aan die volk verkondig. Dit wek die haat van die Jode. Niks stop hom nie. Selfs nie sy dood nie. Hy sien op aarde die ewigheid en sy plek by God. Mag ons deur God se genade so besiel en bekragtig word dat niks ons stop om voluit na God te lewe nie.

| | |
|---|---|
| **AANDEREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | 2 Kor. 6: 1 - 13. |
| **Tema** | Ek het julle lief |



Psalm 25: 1, 2
Psalm 37: 2, 3, 5
Psalm 40: 4, 8

Paulus is God se medewerker. Hierdie gedeelte handel oor Paulus se ontberinge in diens van die evangelie. Hy is so gevul met die Heilige Gees dat niks hom stuit nie. Die gemeente het 'n probleem met hom, maar hy stel dit - Ek het julle volledig lief. Maak oop julle harte. Die rede: Julle gelowiges moet in 'n vyandige wêreld steeds voluit na God toe leef.

# DATUMS OM TE ONTHOU

| | | | |
|---|---|---|---|
| **20 Januarie** | **Kollektes** | **Tydens erediens:** | Diakonale sorg |
| | | **By deure:** | Emeritaatsversorging |
| **20 Januarie** | **19:00** | Aktiwiteitskommissievergadering. | |
| **22 Januarie** | **18:00** | Finanskommissievergadering. | |

# KATKISASIE



Daar is katkisasie direk na die erediens. Al die jongmense moet asseblief in die konsistorie bymekaar kom vir die opening. Ons tyd is baie beperk, so ons vra dat julle asseblief vinnig sal maak sodat ons kan begin met die lesse.

# KONSISTORIEDIENSBEURT 20 JAN 2019

**Diensbeurt:** Wyk A4

**Katkisasie:** Graad 1

**Ouderling:** Hendrik Venter

**Diaken:** Peet Oosthuizen

# OOG VIR MEKAAR

- Dankbaar saam met Joey dat die gips more kan af. Hoop die pols is gou reg.
- Dankbaar saam met tannie Sheila Cloete dat die knie beter is na die operasie. Sterkte vir haar en Oom Jan.
- Ons bid saam met Hennie en Julie Oelofse. Hennie is gediagnoseer met kanker. Mag ons Vader se genade vir julle groot wees.
- Sterkte met Annemie de Klerk na haar klein operasie aan haar mond Vrydag.
- Dankie aan die ouderlinge en diakens wat gister by die toerusting was. Ons vra die gemeente se voorbidding vir die werk wat hulle moet doen. Baie dankie vir ons helpers wat vir ons kos gee. Sonder julle kan ons nie ons werk doen nie.
- Baie geluk aan ons kinders wat die afgelope week aan allerlei aktiwiteite deelgeneem het en baie goed gedoen het.
- Ons vra hulp by van die katkisasieklasse. Ons benodig kategete by van die jonger klasse.

## YSTERTJIES

Soos almal weet gee ons gemeente vir die (Ystertjies) kinders by Suidskool elke week kos. Dit is vir die minder bevoorregte kinders. Ons is 5 Groepe. Elke groep kry een-keer in 'n maand 'n beurt om kos te gee. Ons gemeente maak op 'n Donderdag kos. Dit word afgelewer vroeg die oggend by die skool.
Ons benodig dringend 3 mense wat ons kan help. Indien daar enige iemand is wat ons wil en kan help. Laat weet asb na die erediens. (Cecelia Greyling)

## KONINGSKINDERS



Ons vra gewillige mense vir groepleiers vir die Koningskinderskamp. As jy belangstel om ‘n groepleier te wees skryf asb jou naam op die kennisgewingbord.

## TEESKINKBEURTE

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **20 Januarie** | Marisa Linde | D4 | **27 Januarie** | Rioni Combrink | D2 |
| | Rika Jongbloed | C1 | | Zelda Erasmus | C3 |
| | Gerdien Kuijpers | C1 | | Amri van Aarde | A4 |
| | Alfrieda Lessing | C3 | | Annemarie Bakker | D5 |
| | Anel Nieuwoudt | D5 | | Estelle Snyman | C2 |



**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met ’n ander suster uit asseblief!**

# GESKIEDENIS VAN DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG.

Na die stigting van die Gereformeerde Kerk op 10 Februarie 1859 in Rustenburg gebasseer op grondslag van die drie formuliere van eenheid en die Dordse Kerkorde het gemeentes in die ou Transvaal, Vrystaat, Kaap, Natal, Suidwes-Arika, Rhodesië en selfs in Kenia tot stand gekom. So kom ook die Gereformeerde Kerk in Pietersburg tot stand op 12 Februarie 1889. ‘n Deel van die notule van die stigtingsvergadering lees as volg:

“Vele lidmaten der Gereformeerde Kerk te samen met de Commissie zynde: Ds. Johs de Ridder, predikant van Rustenburg en ouderlingen H.J. Smit en C. B. Swanepoel van Waterberg, zynde laast genoemde in plaats van ouderling F. Eloff van Rustenburg die van wege krankheid in zyn huisgezin verhinderd was, vergader de een gebouw [pakhuis] door een handelaar voor deze geleentheid goedgunstig afgestaan. Zaterdag 12 Januari NM 1ure, ten einde als gemeente gsticht te worde”

Die pakhuis hier ter sprake was dié van ou Moske wat net agter dié van J. A Jones se winkel was, vandag die museum in Pietersburg. Twee en sewentig belydende lidmate word in die Pietersburg gemeente opgeneem.

Na die stigting gaan dit maar moeilik met die gemeente omdat lidmate wyd verspreid gewoon het en omdat die kerk graag ‘n skool tot stand wou bring. Die kerkraad doen ook aansoek by die landdros vir twee erwe om ‘n kerk te bou. Erwe 53 en 54 word aan die gemeente toegeken en so word die kerkraad bestaande uit drie ouderline en vier diakens op die kerkraadsvergadering van 29 November 1889 versoek om met ‘n bydraelys geld in te samel vir die bou van ‘n kerk. Op die kerkraadsvergadering van 15 Maart 1890 word ‘n boukommissie aangestel.

Die hoeksteen van die kerkgebou word op 8 November 1890 tydens die nagmaalsviering gelê. Die kollekte vir die hoeksteen het 18 pond beloop. Die preekstoel vir die nuwe kerk word deur die gemeente Rustenburg geskenk en so word die kerkgebou teen 'n koste van eenduisend tweehonderd vier en vyftig pond deur boumeesters A van der Burg en S.F. Smaalen voltooi. Die gemeente kon nie alles betaal nie en eers in 1895 is alle skuld betaal en 'n plankvloer en banke aangekoop. Die kerk word ook gedurende 1890 amptelik ingebruik geneem. Paul Kruger woon die amptelike ingebruikneming as gas van die gemeente by.

Ds. Josh de Ridder wat die konsulent van die Pietersburg gemeente was, moes met 'n ossewa of perdekar van Nylstroom vir nagmaal en huisbesoek gehaal en teruggeneem word. Sodoende was Ds. de Ridder soms tot solank as 'n maand weg van sy pastorie in Nylstroom.

Die kerkraad moes ook baie opofferings doen om by die algemene sinodes te kom. So het ouderling H. van der Walt wat naby Chuniespoort gewoon het, met 'n donkie en ouderling H. Venter met 'n ossewa sinodes in Pretoria en Lydenburg bygewoon. Die heengaan van Ds. De Ridder in 1896 was egter 'n groot verlies vir die Pietersburg gemeente aangesien daar nie nou meer 'n konsulent was nie.

Die opkoms na die nagmaalsvieringe was oor die algemeen baie goed en huisbesoek is meestal te perd gedoen. Een ouderling se wyksverslag aan die kerkraad het as volg gelees: "Almal besoek. 'n Sak vol van beloftes, 'n geldbeurs sonder geld en 'n pens vol koffie"

Gedurende 1897 word Ds. J.A. van Rooy as leeraar na Waterberg in Nylstroom beroep en kry Pietersburg weer 'n konsulent. In 1898 het die Pietersburg gemeente net meer as 200 lidmate en 250 kinders gehad en 'n gesubsidieerde skool met meneer G.K. Westerhof as onderwyser.

[Volgende keer meer oor die gemeente gedurende en na die Engelse/ Boere oorlog]

# BYBELSTUDIE

Die lys van Bybelstudiegroepe wat elke week vergader is soos volg:

| Groepleier | Tyd | Plek |
|---|---|---|
| Gideon de Klerk (082 805 8947) | Sondag, 10:30 | Van huis tot huis |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Dinsdag, 09:30 | Bendor Pastorie |
| Johan van Biljon (082 388 2117) | Woensdag, 18:00 | Van huis tot huis |
| Annemarie Bakker (082 484 6267) of André Bakker (083 457 1711) | Woensdag, 19:00 | Herculesstraat no.6 |
| Alta Theron (015 – 296 2168) | Donderdag, 09:30 | Wesselstraat no.148 |
| ds. Sarel Venter (082 809 0222) | Woensdag, 18:30 | Bendor Pastorie |
| Betsie de Witt (084 209 4220) Marlene Hoogendyk (083 648 5397) | Sommige Sondae na katkisasie | Kerkgebou |

**Elke lidmaat in die gemeente word uitgenooi om in te skakel by een van die Bybelstudiegroepe. Dit is waar ons mekaar regtig leer ken, vriende word en mekaar ondersteun, waar die Christelike liefde spesiaal ondervind word**

Kontak Alta indien daar lidmate is wat in gesinsverband of tuisbybelstudie wil doen, altatheron@vodamail.co.za

Gebed
Daniël
Joël
Maleagi
Miga
Nahum
Groei in die Gees

Openbaring
Dood en hiernamaals
Jakobus
Die duiwel maak sin
Hebreërs
Die lewende kategismus
Beproewing




**Bybelstudies ook beskikbaar op die webblad www.gereformeerd.co.za**

# PLASINGS IN DIE BASUIN

Indien u enige inligting in die Basuin wil plaas kan u met sr. Elzánne Botha kontak maak by die kerkkantoor of die inligting per epos na die kerk se e-posadres stuur.

**Maak asseblief seker dat u enige inligting nie later as Donderdag 19:00 deurstuur nie.**

# KALENDER

## Verjaarsdae

| Datum | Naam | Belydend/Doop | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| Ma.– 21 Jan. | Dawie vd Merwe (snr.) * | B | 082 564 3755 |
| Di. - 22 Jan. | Gerhard Fourie | D | 015 296 4208 |
| | Comin vd Walt | B | 084 438 6872 |
| Wo. - 23 Jan. | Ria du Plessis | B | 082 802 8822 |
| | Patty Pelser | B | 072 376 8967 |
| | Nihan Snyman | D | 079 500 3458 |
| Do. - 24 Jan. | Sandra Eloff | B | 076 644 1175 |
| | Antoinette Sauermann * | B | 082 366 5041 |
| | Chrisna Stander | B | 082 804 6912 |
| Vr. - 25 Jan. | Ryan Carlisle | D | 082 745 7409 |
| | Annemarie du Plessis | B | 083 255 9390 |
| | Amy O'Reilly | D | 082 421 6982 |
| | Anke O'Reilly (jnr.) | D | 082 554 2288 |
| | Hester Venter (88) ** | B | 073 902 0555 |
| Sa. - 26 Jan. | Jan Cloete* | B | 083 361 8839 |

## Huweliksherdenkings

| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
|---|---|---|---|
| 22 Jan. 2003 | Chris & Charlotte Groenewald | 16 | 073 188 4976<br>074 190 9956 |
| 22 Jan. 1999 | Louis & Elna Pienaar | 20 | 082 419 8882 |
| 24 Jan. 2004 | Frikkie & Cecelia Greyling | 15 | 082 442 4330<br>082 770 4497 |

| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>Epos<br>Webwerf<br>Kantoorure | Elzánne Botha<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>admin@gereformeerd.co.za<br>www.gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na ere-diens |
| **Koster**<br>Elzánne Botha<br>015 296 0054<br><br>**Orreliste**<br>Barbara Nagel<br>083 260 9581<br>Marisa Linde<br>083 408 2100<br>Renchia Grobbelaar<br>072 634 3442 | **Bankbesonderhede**<br>**Kerkkas**<br><br>**Diakonie**<br><br>**Koningskinders**<br><br>**Geref. Susters Org. Pietersburg-Suid**<br><br>**Aktiwiteitskommissie** | <br><br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*"Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlikheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan"*

*Handelinge 7:55*

***Almal is hartlik welkom vir 'n koppie tee of lekker boeretroos na afloop van die erediens***



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS